Weskerk
PREEKREEKS

# OM DIE Brood van die Lewe TE EET

16 APRIL – 28 MEI 2023



# Ek is...

- die brood wat lewe gee (6:35)
- die lig vir die wêreld (8:12)
- die ingang vir die skape (10:7)
- die goeie herder (10:11)
- die opstanding en die lewe (11:25)
- die weg en die waarheid
  en die lewe (14:6)
- die wingerdstok (15:5)
- wat ek is (8:24, 58)



# Johannes 6

- Vermeerdering van die brood (1-15)
- Jesus loop op die see (16-21)
- Die mense soek na Jesus (22-25)



26 Jesus antwoord hulle: "Dit verseker Ek julle: Julle
soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien
het nie, maar omdat julle van die brood geëet en
versadig geword het. 27 Julle moet nie werk vir die
voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat
nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die
Seun van die mens vir julle gee, want God die
Vader het Hom die mag daartoe verleen."

Johannes 6:26-35

28Hulle vra Hom toe: "Wat moet ons doen om te doen
wat God van ons verlang?"
29En Jesus antwoord hulle: "Wat God van julle verlang,
is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het."
30Hulle sê toe vir Hom: "Watter wonderteken kan u
doen sodat ons dit kan sien en in u kan glo? Wat
gaan u doen? 31Ons voorouers het manna in die
woestyn geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het aan
hulle brood uit die hemel gegee om te eet. "

Johannes 6:26-35

32 Jesus het hulle geantwoord: "Dit verseker Ek julle:
Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die
hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir
julle die ware brood uit die hemel gee. 33 Die brood
wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan
die wêreld die lewe gee."
34 Hulle sê toe vir Hom: "Meneer, gee ons tog altyd
hierdie brood."

Johannes 6:26-35

35 Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood
wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal
nooit weer honger kry nie, en wie in My
glo, sal nooit weer dors kry nie.

Johannes 6:26-35


Jesus
IS AL WAT ONS NODIG HET

52 Die Jode het toe onder mekaar begin stry en gesê:
"Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet?"
53 Maar Jesus sê vir hulle: "Dit verseker Ek julle: As julle
nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy
bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie.
54 Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die
ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die
dood laat opstaan. 55 My liggaam is die ware voedsel,
en my bloed is die ware drank.

*Johannes 6:52-58*

56Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en
Ek in hom. 57Soos die lewende Vader My gestuur het,
en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur
My lewe. 58Hierdie brood wat uit die hemel gekom het,
is nie soos die manna wat julle voorouers geëet het
nie. Hulle het dit geëet en tog gesterwe. Wie hierdie
brood eet, sal ewig lewe."

Johannes 6:52-58


Glo is soos Eet


16 APRIL – 28 MEI 2023
Pinksterfees


Weskerk
PREEKREEKS
OM DIE
Brood
van die Lewe
TE EET
16 APRIL – 28 MEI 2023